SLEGS VIR DIEREGEBRUIK

# BABEX

Reg. Nr. G4109 Wet 36/1947

## INSPUITBARE OPLOSSING VIR BEESTE.

## GIFTIG

### AANDUIDINGS
BABEX behandel rooiwater (*babesiose*) en bosluisoorgedraagde galsiekte (*anaplasmose*) organismes by beeste. Dit voorkom ook Asiatiese rooiwater vir tot 4 weke en Afrika rooiwater vir tot 8 weke in beeste.

### BERGINGSAANWYSINGS
Berg tussen 2 °C en 25 °C. Beskerm teen sonlig.

### SAMESTELLING
Imidokarb dipropionaat 12 % *m/v*.

## WAARSKUWINGS
- MELK VAN BEHANDELDE KOEIE IS NIE BEDOEL VIR MENSLIKE GEBRUIK NIE.
- DIERE MOENIE BINNE 213 DAE NA BEHANDELING VIR MENSLIKE VERBRUIK GESLAG WORD NIE.
- Voorkomende behandeling met die middel moet slegs in oorleg met 'n veearts, wat volkome vertroud is met plaaslike toestande m.b.t rooiwaterbesmetting/beheer asook bosluisbeheer vir die betrokke gebied, plaas of kudde aangewend word.
- Die gebruik van die middel na die vervaldatum (d.w.s. 2 jaar na die datum van vervaardiging) word nie aanbeveel nie aangesien die middel dan ondoeltreffend en selfs skadelik vir die dier mag wees.
- Onder sekere omstandighede van hoë uitdaging, kan virulente stamme van Asiatiese rooiwater so vroeg soos 18 dae na toediening van BABEX voorkom.
- Entstof waarskuwing: Na behandeling met BABEX (2,5 mℓ/100 kg liggaamsmassa) kan beeste nie effektief teen Asiatiese rooiwater vir 8 weke en teen Afrika rooiwater vir 16 weke ingeënt word nie.
- Nota aan dokter: Dierestudies het getoon dat hierdie produk nefrotoksies is en dit moet in ag geneem word by enige behandeling van persone wat per ongeluk ingespuit word. Teenmiddel: Daar bestaan geen spesifieke teenmiddel nie. Behandel simptomaties.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Alhoewel hierdie middel breedvoerig onder 'n wye verskeidenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg 'n veearts en verwittig die registrasiehouer.

### VOORSORGMAATREËLS
- Steriliseer alle inspuitingstoebehore en gebruik 'n aparte skoon skerp naald vir elke dier.
- Ontsmet die rubberseël van die bottel met brandspiritus voordat dit met die naald geprik word.
- By sommige diere mag daar 'n swelsel by die inspuitingsgebied voorkom. Hierdie swelsel verdwyn sonder vorming van absesse indien steriele naalde gebruik is.
- Soms mag daar 'n ligte kwyling voorkom.
- Die dosis moet streng volgens liggaamsmassa toegedien word en moet nie oorskry word nie.
- Sorg moet gedra word om te verhoed dat die operateur homself per ongeluk inspuit.

### GEBRUIKSAANWYSINGS: GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI.

### Dosis

| Rooiwater | Bosluisoorgedraagde galsiekte |
|---|---|
| Terapie (behandeling)<br>1 mℓ/100 kg liggaamsmassa dien slegs een keer toe. | Terapie (behandeling)<br>2,5 mℓ/100 kg liggaamsmassa dien slegs een keer toe. |
| Profilakse (voorkoming)<br>2,5 mℓ/100 kg liggaamsmassa dien slegs een keer toe. | |

### MOENIE DOSIS BINNE 4 WEKE HERHAAL NIE.

### Toediening
- SLEGS VIR BINNESPIERSE INSPUITING. MOENIE BINNEAARS GEBRUIK WORD NIE.
- Die aanbevole dosis moet nie oorskry word nie en die behandeling moet nie binne 4 weke herhaal word nie. Indien geen verbetering binne 24 uur opgemerk word nie, moet 'n veearts geraadpleeg word.
- Dien binnespiers toe (nekgebied of minder waardevolle snitte).

**Voorbeelde van die gebruik van BABEX vir die voorkoming van rooiwater**
**LW:** Slegs op advies en aanbevelings van 'n veearts vir die verskillende omstandighede.
- Uitbraak van rooiwater in 'n kudde.
- Vervoer van vatbare beeste na bosluisgebiede.
- Vervoer van vatbare vee deur 'n rooiwatergebied.
- Vervoer van 'n bosluisbesmette kudde na 'n bosluisvrye gebied met hulle vatbare beeste.
- Aankoop van beeste waaroor daar geen sekerheid bestaan aangaande hul vatbaarheid of draer-status nie.
- Diere wat na veilings en skoue geneem word as daar 'n risiko van rooiwater is.
- Om verliese te verminder as gevolg van rooiwater by beeste na aankoms in voerkrale.

KYRON

***Registrasiehouer:** Kyron Animal Health (Edms) Bpk., Reg. Nr. 2004/021847/07, Eenheid 45C, 45 Parkview Straat, Highway Business Park, Rooihuiskraal Uitbr. 31, Centurion, 0157, Suid Afrika. Tel: 0861 247 463.*